

## **SWELLIE WISKUNDE ONOORTREFLIK**

‘n Skool se geslaagdheid op akademiese gebied word dikwels aan sy leerders se wiskundeprestasie gemeet. In daardie opsig is dit veilig om te sê dat Hoërskool Swellendam een van die beste skole in die Wes-Kaap is wat akademiese prestasie aanbetref.

Die wiskunde leerders wat verlede jaar matriek geskryf het, het gesorg dat ons skool onder die wiskunde toppresteerders gelys word. Skole soos Landbouskool Oakdale, Hoërskool Outeniqua, Paarl Gimnasium en Hoërskool Robertson en ‘n hele paar ander “groot” skole word ook op die lys aangetref en daar kan met groot trots gesê word dat Hoërskool Swellendam die beste in die Overberg gevaar het wat wiskunde aanbetref.

Op die lys van “20 skole met die beste gemiddelde prestasie in wiskunde” lê Hoërskool Swellendam 10<sup>de</sup> in die Wes-Kaap, net onder Hoër Landbouskool Boland en bo o.a. Hoërskool Outeniqua, Hoërskool Bellville, Hoër Landbouskool Oakdale en verskeie ander.

Bo en behalwe die leerders van 2016 se eindeksamenresultate, word die hoeveelheid leerders wat “suiwer” wiskunde as ‘n vak neem in verhouding met die hoeveelheid leerders in die graad en in die skool ook in aanmerking geneem om die profiel op te stel. Elke leerder wat geslaag het, het een punt vir die skool verwerf en dus bygedra tot ons skool se top wiskunde prestasie.

Daar was verlede jaar 37 leerders uit 'n totaal van 75 matrikulante wat wiskunde geneem het en hul het 'n hoë klasgemiddeld van 65,6% gehad. Hulle het ook ‘n 100% slaagsyfer gehad en daar was onder andere 11 C-simbole, 6B -simbole en ‘n ongelooflike totaal van 8 A-simbole.

‘n Graad 11-leerder van Hoërskool Swellendam, Jillian Johan, het ook hierdie jaar aan Die Burger se wiskunde kompetisie deelgeneem en uitstekend gevaar deur on die top-50 in die Wes-Kaap op te eindig. Dit bewys net weereens onteenseglik: Swellies kán wiskunde doen.

Juis omrede dat hierdie kernvak soveel moontlikhede vir verdere studies verseker, word leerders aangeraai en aangemoedig om vas te byt en wiskunde as ‘n vak te neem. Danksy die groep hardwerkende matrikulante van 2016 weerklank Hoërskool Swellendam se leuse "Altiora Semper- Altyd Hoër" weereens wyd en vêr oor die Langeberge.